HANGKLIP- KLEINMOND ADMINISTRATION
WARD 9

MINUTES OF THE PUBLIC WARD COMMITTEE MEETING HELD ON THURSDAY, 13 OCTOBER 2011 AT 17:00 IN THE LIBRARY HALL, KLEINMOND

Present:	Councillors:	Cllr P Appelgrein (Chairperson)
Members:	Mrs A Mason	(Kleinmond Nature Conservation Association)
	Mr JF Conradie	(Gemeenskapspolisie Forum)
	Mr J Burger	(Kleinmond Skietklub)
	Mr G Fredericks	(Kleinmond Tourism Bureau)
	Mr EJ Watson	(Individual)
	Mrs HS Bruwer	(Individual)
	Mr JJ De Clerk	(Individual)
	Mr AM Drenth	(Individual)
	Mr JW Barnard	(Secunde for JW van Staden : Kleinmond Ratepayers' Association)
Municipal Officials:	Mrs C Jonkheid	(Area Manager: Hangklip-Kleinmond Administration)
	Mr D van Rhodie	(Senior Manager: Operational Services)
	Mrs S Antonie	(Community Official)
	Mr S Williams	(Senior Clerk)
Also Present:	3 Residents of Kleinmond	
Apologies:	Ms H Appollis	(Mthimkhulu)
	Mnr JW van Staden	(Kleinmond Belasting-betalersvereniging)

1. VERWELKOMING / WELCOME

Rdl Appelgrein verwelkom almal hartlik by die vergadering, waarna dit met gebed geopen word.

2. VERSKONINGS / APOLOGIES

Verskonings is ontvang van Me Hazel Appollis en Mnr JW van Staden.

3. VERTEENWOORDIGER VIR HANGKLIP-KLEINMOND TOERISME BURO

Kennis word geneem dat Mnr Garth Frederings as verteenwoordiger vir Hangklip-Kleinmond Toerisme Buro in die plek van Mnr J Knight op die Wykskomitee sal dien.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULES / MATTERS ARISING FROM THE PREVIOUS MINUTES

ITEM 4.1: TELEVISIE OPVANGS IN KLEINMOND

Rdl Appelgrein rapporteer dat die munisipaliteit met die firma, Sentech, wat vir die instandhouding van die TV uitsaaitoring verantwoordelik is, onderhandel het oor die opgradering van die stelsel. Dit word beoog om oor te skakel na ‘n digitale stelsel.

Kennis geneem.

ITEM 4.2: AANBRING VAN SKIETBAAN

Melding word gemaak dat geen vordering tot dusver gemaak is met die verkryging van ‘n perseel vir die aanbring van ‘n skietbaan in Hangklip - Kleinmond area nie. Die voorstel om die Denel eiendom geleë in die Natuurreservaat te gebruik moet nog met Mnr Louis van Heerden, Voorsitter van KOBIO bespreek word sodra hy terug is van oorsee. Die aangeleentheid sal ook met Rdl Krige opgeneem word.

Kleinmond Natuurbewaringsvereniging ondersteun die voorstel dat die Denel eiendom wat in die natuurreservaat geleë is vir diè doel gebruik word en reken dat die breë gemeenskap daaruit gaan baatvind.

Verantwoordelike persoon: Rdl Appelgrein

ITEM 4.3: CLEARING OF PLOTS

It was reported that Kleinmond Nature Conservation (KNCS) carefully examined the existing guidelines for the clearing of vacant erven and according to them are the guidelines very clear and extremely accurate. There are problems with the interpretation of the guidelines by private property owners who prefer to clear their own ground. The problem lies with the identification of alien and indigenous plants. KNCS felt that education of the people carrying out clearing is important and suggest that they probably play an education roll in this regard.

Suggestion:

It was suggested that Mrs Mason liaise with the Area Manager, Mrs Jonkheid regarding the clearing of the plots.

Responsible person: C Jonkheid / A Mason

ITEM 4.4: WATERMONSTER LABORATORIUM UITSLAE

Kennis word geneem van die watermonster laboratorium uitslae wat deur Overberg Distriksmunisipaliteit gedoen is, asook die watermonster uitslae wat deur AL Abbott by Kleinmond Watersuiweringswerke gedoen is.

Navraag word gedoen waarom watermonsters nie by meer punte gedoen word nie. Mnr van Rhodie onderneem om terugvoering hieroor by die volgende vergadering te gee.

Kennis word geneem van Mnr van Rhodie se onderneming.

Verantwoordelike persoon: D van Rhodie

ITEM 4.5: OOPMAAK VAN MONDING BY KLEINMOND LAGUNE

Die aangeleentheid met betrekking tot die oopmaak van die monding by Kleinmond Lagune word breedvoerig bespreek. Rdl Appelgrein deel mee dat ‘n vergadering onlangs gehou was met natuurbewaringsbeamptes waartydens daar besluit was dat die Lagune nie meganies oopgemaak gaan word nie. Die soutgehalte van die water by die lagune oorskry ook nie die vereiste perk nie en kan geen skade aan lewende organismes op hierdie stadium aanrig nie.

Mnr Maree van die Plaas De Draai spreek sy kommer uit oor die lagune wat nie oopgemaak gaan word nie en oor die water wat alreeds besoedel is dat selfs sy perde dit nie meer wil drink nie. Hy deel verder mee dat natuurbewaringsbeamptes van Pretoria soos in die verlede genoemde area besoek het. Volgens hulle kan die mikro paddatjie en die gansogies wat baie skaars spesies is as gevolg van die gehalte van die sout gehalte van die water watt e hoog is nie meer opgespoor word nie. Mnr Green, Natuurbewarings beampte van Hangklip-Kleinmond was volgens Mnr Maree tydens die soektog van die beamptes van Pretoria na die spesies nie beskikbaar nie.

Die natuurbewaringsbeamptes van Pretoria sal binnekort weer die soektog na die spesies kom voortsit en sal probeer om soos in die verlede Mnr Green te betrek. Mnr Maree onderneem om ‘n volledige verslag aan die munisipaliteit voor te lê.

Kleinmond Natuurbewaringsvereniging is dit ook eens dat die Kleinmond Lagune meganies oopgemaak moet word.

Kennis geneem.

ITEM 4.6: DEURSET VAN PASIëNTE BY KLEINMOND KLINIEK

Rdl Appelgrein rapporteer dat hy die aangeleentheid met betrekking tot die deurset van die pasiënte by Kleinmond Kliniek met Overberg Distriksmunisipaliteit opgeneem het en dat hy beoog om dit verder met die betrokke Provinsiale Administrasie op te neem.

Aanbeveling:

Rdl Appelgrein beveel aan dat Kleinmond Belasingbetalersvereniging hulle insette in die verband op skrif aan hom deurgee vir verdere handelinge.

Verantwoordelike persoon: Rdl Appelgrein

5. BEKRAGTIGING VAN NOTULE

Besluit:

Dat die notule van die wykskomiteevergadering gehou op 15 September 2011 goedgekeur word.

6. VERSLAG VAN DIE WYKSRAADSLID / REPORT OF THE WARD COUNCILLOR

6.1: SAKE DEUR DIE BURGEMEESTERSKOMITEE EN RAAD AFGEHANDEL / MATTERS RESOLVED BY THE MAYORAL COMMITTEE AND COUNCIL

Cllr Appelgrein reported on the following matters:

6.1.1 : ADJUSTMENT BUDGET 2010/2011

- Council held a special meeting on 4 October 2011 and approves the additional Kleinmond housing project allocation of R1 920 000 for 2010/2011.
- Council approves the transfer of an amount of R1 441 000 from the capital budget to the operating budget in respect of the Kleinmond housing project.

Noted.

6.2: SAKE VIR OORWEGING DEUR DIE PORTEFEULJEKOMITEES / MATTERS FOR CONSIDERATION BY PORTFOLIO COMMITTEES – 18 OCTOBER 2011

6.2.1: OPERASIONELE PLAN: FEESSEISOEN : 2011/2012

Die operasionele plan om die die effektiewe bestuur en onderhoud te verseker van swemstrande, karavaanparke, kampeerterreine en ander openbare geriewe wat besoek en gebruik sal word deur besoekers gedurende die periode vanaf 1 Desember 2011 tot 15 Januarie 2012, word ter inligting aan die Portefeuljekomitee voorgelê.

Kennis geneem.

6.2.2: VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEIT

Rdl Appelgrein lig die komitee kortliks in aangaande die basiese heffings op voorafbetaalde elektrisiteit soos uiteengeset in hierdie maand se munisipale nuubrief.

Kennis geneem.

7. NUWE STADSBEPLANNINGSAANGELEENTHEDE / NEW TOWN PLANNING MATTERS

ITEM 7.1 : VOORGESTE;DE AFWYKING VAN GRONDGEBRUIKBEPERKING: TWEEDE WOONEENHEID : ERF 8135, KLEINMOND / PROPOSED DEPARTURE OF LAND USE RESTRICTION : SECOND DWELLING: ERF 8135, KLEINMOND

AANBEVELING:

Die Wykskomitee beveel aan dat die aansoek ontvang om afwyking van die grondgebruikbeperking van toepassing op Erf 8135, Veertiendelaan 27, Kleinmond, ten einde die eienaar in staat te stel om ‘n tweede wooneenheid op die perseel op te rig, goedgekeur word.

Verantwoordelike persoon: A Cairns

8. INTEGRATED DEVELOPMENT PLANNING 1 JULY 2012- 30 JUNE 2017 / GEINTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN 1 JULIE 2012-30 JUNIE 2017

Kennis word geneem van die inhoud van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir 1 Julie 2012 – 30 Junie 2017. Rdl Appelgrein deel mee dat die Munisipaliteit se missie ten opsigte van die Strategiese Beplanning tydens ‘n strategiese sessie wat gehou was verander het. Omgewing en sosiale aspekte sal ook nou deel vorm van genoemde beplanning.

Rdl Appelgrein deel ook verder mee dat die strategiese fokus van die Munisipaliteit verander In prioriteitsvolgorde is dit as volg: (1) Basiese dienslewering; (2) Sosiale opheffing; (3) Goeie regering; (4) Omgewing bewussyn; (5) Skep van veilige en gesonde omgewing.

Rdl Appelgrein onderneem om bogenoemde inligting binne die volgende week elektronies aan wykskomiteelede te versprei binne die komende week.

Kennis word geneem van Rdl Appelgrein se onderneming.

Verantwoordelike persoon: Rdl Appelgrein

9. BUDGET PROJECTS 2012/2013 & R500 000 DISCRETIONARY FUNDS

The following budget proposals were received to include in the 2012/2013 budget:

1. Beach Road: Continuation of brick paving along sidewalk
2. Closing of junction with bollards at Amandelboom Rd and Botriver Rd
3. Upgrading of sportsground Proteadorp – R150 000
4. Proteadorp: Upgrading of Netball Club house - R50 000
5. Upgrading of Western side of Kleinmond – R100 000
6. Upgrading of Kleinmond Tennis Court

- Die voorstel vir die oprigting van ‘n paviljoen by Proteadorp sportgronde sal met Me Bulelwa Mbane, die Munisipaliteit se Sport en Ontspanningsbeampte opgeneem word.
- Opgradering van 4de Straat tot by Ok Minimark – Rdl Appelgrein deel mee dat fondse alreeds beskikbaar gestel is vir die herstel van paaie. Indien nodig moet paaie herprioritiseer word.
- Opgradering van speelparke – Rdl Appelgrein stel voor dat verantwoordelike persoon aangewys word om oor die speelparke toesig te hou alvorens dit opgegradeer word.

Resolved:

That the abovementioned projects be submitted to the budget office.

Verantwoordelike persoon: C Jonkheid

10. NEW WARD COMMITTEE RULES / NUWE WYKSKOMITEE REëLS

Notice was taken of the contents of the new Ward Committee Rules. No further comments on the document were received.

Resolved:

That the Ward Committee Rules be accepted.

11. MATTERS TABLED AT THE MEETING / SAKE VOORGELê BY DIE VERGADERING

ITEM 11.1: NUWE BEHUISING PROTEADORP – ONHIGIENIESE TOESTANDE

Dit word onder die aandag gebring dat sommige inwoners by die nuwe huise in Proteadorp bourommel en huisvullis by die boonste gedeelte van 13de Laan en 15de Laan stort. Die bosse daar word ook as toilette gebruik wat baie onhegiënies is. Dit word voorgestel dat ‘n heining daar opgerig word.

Aanbeveel:

Dat die voorstel ondersoek word.

Verantwoordelike persoon: D van Rhodie / C Jonkheid

11.2: KLEINMOND OORLAAISTASIE

Melding word gemaak dat dit terrein by Kleinmond Oorlaaistasie nie meer so netjies is nie en dat dit opgeknap moet word.

Aanbeveel:

Dat maatreëls in plek gestel word om die terrein in ‘n netjiese toestand te hou.

Verantwoordelike persoon: D van Rhodie

ITEM 11.3: AANBRING VAN INLIGTINGSBORD

Dit word aanbeveel dat aangesien die rivier by Fairy Glen gebruik word om in te swem, ‘n inligtingsbord aangebring word dat dit ‘n onbeskermde gebied is.

Verantwoordelike persoon: D van Rhodie

ITEM 11.4: OVERSTRAND MUNISIPALE ADVIESFORUM (OMAF) VERGADERING

Kennis word geneem dat die OMAF vergadering geskeduleer is om op 6 Desember 2011 in Hermanus plaas te vind.

Kennis geneem.

ITEM 11.5: AANBRING VAN BOTTELSTOOR

Wykskomiteelede spreek hulle kommer uit oor die bottelstoor wat by Meat Pallace sakesentrum aangebring gaan word.

Aanbeveling:

Dit word aanbeveel dat die aansoek om ‘n bottelstoor daar aan te bring nie ondersteun word nie.

Verantwoordelike persoon: A Cairns

ITEM 11.6: VORDERING - HAWELOSE PERSONE

Mnr Conradie rapporteer dat ‘n opvolg vergadering gehou is met betrekking tot die hawelose persone in Kleinmond. Dit was besluit dat van die persone as ‘kar wagte’ by Kleinmond Spar en OK Minimark aangewend te wend. Een persoon kwalifiseer vir pensioen en een sal na ‘n versorgingseenheid verwys word. Van hulle is alreeds opgelei om by die munisipaliteit se brandweer afdeling te gebruik.

Kennis geneem.

ITEM 11.7: KLEINMOND BIBLIOTEEK

Mnr Adriaanse versoek dat die wykskomitee agendas van beide wyke en raadsagendas op ‘n meer sigbare plek in Kleinmond Biblioteek geplaas word.

12. VOLGENDE VERGADERING / NEXT MEETING

Notice was taken that the next meeting of the Ward Committee is scheduled to take place on 17 November 2011 at 17:00 in the Library Hall, Kleinmond.

13. AFSLUITING / CLOSURE

The meeting closed at 19:10.